

onbeskaafde land vol dringende konkreehede; en dat ook die Nedl. van hul voorouers dié van die ongeletterdes was (die laer volksklasse, bv. matrose en soldate) (v. bls. 37). Die enigste belangrike saak wat hulle gedagtes met wysgerige en abstrakte begrippe kon besighou, was die godsdienst; en dié was eng omskrewen in aard en omvang, uiters konkreet, uiters puristies (Statebybel, formuliere, gesange en psalms), en uiters afkerig van nuwerwetse tierlantyntjies. Op dié manier het baie basterwoorde wat in die taal van die eerste nedersetters miskien tog gelewe het, óf uitgeteer en weggekwyn, óf heeltmaal uitgesterwe. Op dié manier ook het Afr. by uitstek 'n kragtige, konkrete taal geword wat sy wortels diep in die Afr. aarde ingeslaan het.

Met die aanvang van die 19e eeu kom daar egter langamerhand verandering: die eerste Eng. besetting; toe die tydperk van die Bataafse Republiek onder die progressiewe Janssens en de Mist; en eindelijk die finale Eng. inbesitneming. Uit die aard van die saak kon die eerste twee, kort, onseker, en arm, nie veel uitrig nie; die laaste het op 'n gunstiger tydstip aangevang: die Napoleontiese oorloë feitlik verby, die Eng. handel en skatkis in 'n welvarende toestand, die Eng. nywerhede vinnig aan ontwikkel, en die Europese en byname die Eng. wetenskap op die vooraand van wonderlike ontdekkings wat op die hele lewensfilosofie van die 19e eeu sulke verreikende gevolge sou hê. Langamerhand het hierdie deininge op die wêreldsee ook in S.-Afrika merkbaar geword, eers floutjies deur die stoflike en die daarmee samegaande opvoedkundige en geestelike vooruitgang, later al kragtiger, veral na die ontdekking van die diamant- en goudvelde.

Almeer nuwe sake en begrippe wat die Afrikaner nie kan verontagsaam nie, kom die land binne. Ook ou begrippe dos hulle aantreklik volgens die nuutste modes uit, en werp die minder deftige Boerklere opsy. So kom dit dat taaleenhede wat in Nedl. algemeen gebruiklik was, of wat selfs in Afr. nog bestaan het, vandag in Afr. spore van Eng. invloed dra. *Hy is in sy element* is bv. algemeen Nedl., en is 'n soort taaleenheid wat heelwaarskynlik nog in die seemanstaal en in Boere-Afr. voortgelewe het; en tog is die uitspr. Eng.—*ellement* i.p.v. *e-lément*. Maar veral i.v.m. die

woorde vir geleerde begrippe en nuwe uitvindings kan ons Eng. invloed verwag : die woorde het eers in Eng. bestaan, en is toe uit Eng. in Afr. vertaal. Kortom : die Afrikaner, wat deur Eng. medium in die tegniek en die maatskappy en die kuns ontwikkel en ingewikkel het, wat in Eng. (en af en toe Nedl.) nuwe begrippe teëgekome het wat in die nuwe wêreldorde onontbeerlik is, voel vandag gedurig behoefte daaraan om hierdie gedagtes uit te druk en kom gedurig te staan voor die vraagstuk hoe om dit te doen. Op dié manier het Eng. 'n bevrugterende faktor van die allergrootste waarde vir Afr. geword, en het dit baie daartoe bygedra om sowel die Afr. gedagte-wêreld as die Afr. woordeskat uit te brei.

CAMOUFLAGE.

Omdat die meeste basterwoorde so suiwer Nedl. lyk, is ons geneig om nie eens aan Eng. invloed te dink nie, en om dus almeer dgl. woorde met almeer sorgeloosheid te gebruik. 'n Tipiese geval verskaf prof. dr. T. J. Haarhoff in *Coming of Age* (49) :

“Not long ago, the Afrikaans word *prominent* was described by a newspaper as taken over from English : whereas, of course, it comes through Holland from a common Latin source, and the same applies to very many technical terms that exist in Holland Dutch, and are derived from a Greek or Latin root, and again to very many words that passed from France to Holland and so to South Africa.”

Dit tref nou juis so, dat *prominent* 'n prominente voorbeeld is van Eng. invloed op die Afr. basterwoord ; dit het nog nooit met die Afr. betekenis in Nedl. bestaan nie. Bowendien is die uitspraak tipies Eng. : *prommenent* i.p.v. *proomienent*, soos dit sou wees as dit Nedl. was. As ons die feite probeer verbloem, lewer ons bewys van 'n minderwaardigheidskompleks wat holle grootdoenery tengevolge het. Die Eng. invloed is geensins 'n skande nie : nie ons verlede nie, maar ons hede en ons toekoms is wat in ons demokratiese eeu van belang is. Die kenmerk van sukses is dat jy jou onderwyser nog verbystreef.

Neem ons hierdie onbevreesde houding in, dan is die stryd teen vermomde vyande, en om bewuste, helder uitbreiding van die Afr. woordeskat, al halfpad gewen. Dit is omdat ons vir ons probeer sus, dat een van die drie gesaghebbendste

kenners van Afr. praat van 'n *konkordans* (prof. dr. S. P. E. Boshoff; Eng. *concordance*; Nedl. *konkordansie*); 'n ander van *onpopulairiteit* (prof. M. C. Botha, bl. 32 van die "Gedenkboek, Genootskap van Regte Afrikaners," i.p.v. *impopulariteit*); 'n derde van *dislojaliteit* (Wdb. Bosman-v. d. Merwe); 'n vierde van *rellewante sake* (prof. dr. J. F. Burger), om van *sukksesvol, klimatiese toestande, rekommendasie* ens., nie eens te praat nie. Deur ons wys te maak dat sulke woorde eg-Afr. is, gee ons aanleiding tot die uitbreiding van dgl. gedrogte. Die Afrikaner moet helder bewus wees van die alomteenwoordige Eng. invloed. Hy moet weet dat, as hy nuwe Afr. woorde soek, hy vanself geneig is om die reeds bestaande Romaans-Eng. woorde oor te neem; en dat die Nedl. en Latyn en Frans wat hy later daarby sleep, slegs dekmantels vir Eng. woorde is.

HOE DIT GEBEUR: Aanknopingspunte in Afrikaans.

Daar het in die Boere-Afr. van die 18e eeu nog baie basterwoorde bestaan; in die geskoolder Afr. van die dorpe en die stede was dit nog meer die geval. Trouens, dwarsdeur die 17e en 18e eeue het nie net die Nedl. letterkunde nie maar selfs die Nedl. volkstaal geweldige invloed van Frans ondergaan, sodat herhaalde pogings aangewend is om dit teen te gaan. Op die skryftaal het hierdie pogings egter min, en op die spreektaal so te sê geen invloed uitgeoefen nie (bls. 213). Onder die gewone volk, die voorouers van die hedendaagse Afr., was daar dus heelwat Fr. woorde daagliks in gebruik, soos uit die lyste hieronder sal blyk. In die skryftaal was daar nog meer. Van die Statebybel, wat so 'n geweldige behoudende invloed op die Afr. taal laat geld het, kan ons nie oordeel nie, want dit was 'n bewuste poging om alle vreemde en veral Fr. invloede te weer. Nogtans selfs in die Statebybel, en meer nog in die Psalms en Gesange, Formuliere, en Kategismus, tref ons woorde aan soos *majesteit, communiceeren, communicatie, sacrament, testament, president, Staten Generaal, den Hove Provinciaal, synodaal, synode, murmureren, Gecommitteerde Raden, Gouverneur, melody, compagnie, commissie*.¹ Die predikante, tot 1859

¹ Streng wetenskaplik stam party Fransagtige woorde uit Lat., die middel-euse kerktaal.

(Stellenbosse Kweekskool) uitsluitend in Holland opgelei (behalwe die Skotse), sou dgl. invloed versterk het deur nie alleen die bekende basterwoorde te gebruik nie, maar ook nog waarskynlik nuwe Nedl. basterwoorde. Veral sterk was Franse invloed egter in die taal van die Regering, sowel Compagnie as Bataafse Republiek. In 'een sin van die offisiële "Dagregister" waar Ryk Tulbagh die viering van die honderdjarige stigting van die Kolonie vermeld (8 April 1752) vind ons bv. die volgende: *conformite, gearresteerde, politie, dankpredicatie, canon, casteel, respectie, batteryen, redouten, Comp(agnie), gequalificeerde, natiën, Gouverneur, seynschoot*. Al was die gebruik van die meeste dgl. woorde baie beperk, sou die meeste koloniste in die nabyheid van die Kaap dit tog wel 'n paar keer gehoor het, selfs al het hulle dit nie gebruik nie. Dieper in die kolonie was daar die landdroste, veldkornette, e.a., wat af en toe openbare kennisgewings van die Kaapse Regering ontvang en aan die boere bekend gemaak het; ook hulle het dus basterwoorde versprei. Om kort te gaan: Toe die Engelse die Kaap in 1806 vergoed in besit geneem het, is daar nog Franse basterwoorde deur die koloniste gebruik, party daagliks en party af en toe gepraat, party gehoor, party geskrywe.

ANALOGIE.

Hierdie bestaande woorde het die kern gevorm waaruit analogiese invloed gestraal het wat die nuwe Eng. woorde aan hulle gelyk gemaak het: Toe die Afrikaner die Engelsman eers van *admiral, climate, constable, ordinance*, e.d.m. hoor praat of sien skrywe het, het hy waarskynlik (net andersom as die rou Engelsman vandag) dié woorde as belaglike vervormings van die Nedl. beskou; langsamerhand egter besef dat sowel die Eng. as die Nedl. woorde uit Frans kom; en eindelik, weens die oorvloedige voorbeelde, die onbewuste houding ingeneem dat al die Nedl. basterwoorde ooreenstemmende Eng. vorms besit, en omgekeerd.

Hier word net die invloedrykste uitgange gegee, en net onder die eerste paar ook volledige voorbeelde. Hulle bewys: (a) baie bastereenhede het voor 1806 in Afr. bestaan; (b) verreweg die meeste het na 1600 in Nedl.

gekom; (c) dikwels is laasgenoemdes in Afr., Eng. in betekenis, gevoelskleur, klank en vorm, sodat ons die datum 1600 as praktiese skeidslyn kan aanneem. Volgens die skriftelike verskyning van Fr. basterwoorde in Nedl., plaas de Grave (35) hulle in die volgende tydperke:

| | | | |
|------|------|---|-----|
| Voor | 1325 | — | (1) |
| „ | 1500 | — | (2) |
| „ | 1600 | — | (3) |
| Na | 1600 | — | (4) |

Alle voorbeelde van (1) - (3) word aangegee, en net 'n paar uit die menigtes van (4); alle uitsonderings op die reël word aangegee *.

AAL (Afr.) admir-, liber-, loy-, hospit-, met- (1), roy- (2), sign-, korpor-, joern-, lini-, fisk-, kapit-, kan-, sand-*, skand-, katedr-*, kordi- (3).

[Trigardt: gener- (bnw.) (4), brut- (astrant) 210, 261; prinsip- (handel) 217; corpr- 361.]

[Beutler-Haupt: admir- 270.]

(Eng.) -al: bv. abnorm-, desim-, alluvi-, horisont-, imperi-, nasion-. Maar *gener-, *koloni-.

AAT (Afr.) advok-, *ag-, *gran- (edelgesteente), gran- (vrug), *potent-, prim- (1), duk- (2), desol-, form-, *kar-, klim-, mand-, pir- (3).

[Trigardt: opstin- 55; clam- (klim-) 224; dispur- (desper-) 328.]

(Eng.) -at(e): bv. aristokr-, demokr-, kommissari-, konsul-, outokr-, sertifiek-.

AIR (Afr.) affaire (1).

(Eng.) -ar(y): almal, bv. element-, sekond-, prim-, popul-, revolusion-, miljoen-, sanit-, parlement-.

EEL (Afr.) bord-, kam-, *kapit- (boukunde, en hoofst.), pan-, *pens-, kast-, juw- (1), krimin-, minstr- (2), person-, *provision-, *re- (3).

[Trigardt: cassewiel (casu-) 102.]

(Eng.) -al: almal, bv. addision-, aktu-, artis-, eventu-, (im)mor-, seksu-.

Opmerking: Omdat Eng. -al soms = Nedl. -aal en soms = Nedl. -eel, word hier soms foute begaan; bv. *departementeel* i.p.v. *departementaal* tot 'n paar jaar gelede. Vgl. -eur en -ies.

EUR (Afr.) Hum- (1), ambassad-, eksekut-, goewern-, prokur-, k(o)leur (2), inspekt-, kommand-, rapport-, sinj- (seur), testament- (3).

(Eng.) bv. administrat-, akt-, chauff-, dekorat-, kondukt-, ens. Inferi-, superi-, operat-, ens.

Opmerking : Ook in die Middeleeue wissel *eur* × *or* × *oor* af. Omdat Eng. *-or* dus soms = *-or*, soms = *-oor*, soms = *-eur*, begaan die Afrikaner hier foute, bv. *senatoor*, *professeeur*. Die *-oor* kan ook aan die invloed van die meervoud te wyte wees. In elke geval : Die Nedl. woorde is onbekend, die Eng. nie.

[Trigardt : ambassad- 184 ; col- 127, 351.]

[Schrijver : fav- 104.]

[Beutler-Haupt : command- 272.]

IST (Afr.) alchim-, kopi- (3), Orangis ?

(Eng.) *-ist* : bv. ate-, ego-, ekonom-, imperial-, okul-, optim-, ens.

Nuwe woorde word daagliks onder Eng. invloed gevorm : devolusion-, extrem-, jingo-, motor-, terror-, toer-, Spiritual-, propagand-, prohibision-, Russel- ens.

Koalisioniste, jazzist (DB 19.1.31), Ghandiste (DB 21.1.31).

ITEIT (Afr.) kwal-, outor- (3).

(Eng.) *-ity* : almal, bv. aktiv-, brutal-, futil-, general-, inferior-, nasional- (eers 1823 in Franse wdb.), original-, superior- ens.

[Trigardt : rarityd 72.]

| | | | |
|---------|----------------------------|-------|---------------------|
| AAN | Lutheraan | AN(E) | Lutheran |
| ABEL | fabel, miserabel | ABLE | fable, miserable |
| ADE | parade, marmelade | ADE | parade, marmalade |
| ANSIE | finansie, instansie | ANCE | finance, instance |
| ANT | kalant, protestant | ANT | gallant, protestant |
| (IS)EER | passeer (en honderde meer) | (IS)— | pass |
| ENSIE | korrespondensie | ENCE | correspondence |
| ENT | present, talent | ENT | present, talent |

Ensovoorts.

Ander basterwoorde in sommige vroeë S.-Afr. skrywers :

Trigardt (1836 ±) : respeck 45 ; derijk 68, direck 282 ; lavooren (ivoor) 84 ; produck 91 ; sijnstima (uit Gr., *sisteeem* uit Fr.) 258 ; contrij 317 (ook Beutler-Haupt 277 contrey) ; karakter (Nedl. waarskynlik uit Duits, maar bet. onder Fr. invloed) ; exempel 318 ; timpees (tempeest) 353 ; alarrim (uit Fr. of It.) 362.

Isaq Schrijver (1689) : onder het commando van I. S., marsch 98 ; cours 101 ens. (vgl. ook Beutler-Haupt : 274

ens.); aloewes (aalwees) 101; acatia-boomen 102, 105; trein (leger-trein) 102 (vgl. ook Beutler-Haupt: train 268, 271, 272, trein 270 = kommando, gevolg).

Beutler-Haupt (1752): ordre (ook 273) van de admiraal of eerste minister van Vrankrijk 270; randsoen 270; penibel te passeeren, plaisier 275; route 277.

NUWE WOORDE.

Volgens die voorbeeld van die reeds bekende Nedl. vorms het die Afrikaner dus woorde wat hy nog nêrens anders as in Eng. aangetref het nie, en die behoefte waaraan hy, deur sy kennis van Eng., nou in sy Afr. ook gaan voel het, 'n naasteby Nedl. vorm verleen, vas oortuig dat dit in Nedl. ook bestaan. Om te oordeel na wat vandag plaasvind, was dit grotendeels 'n onbewuste proses. Omdat die woorde waaraan hy behoefte gevoel het, feitlik almal nuwe 19e eeuse begrippe gegeld het, wat dus nog nie in sy taal (wat uit 17e en gedeeltelik 18e eeuse Nedl. gestam het) bestaan het nie, het hulle meestal nog 'n te kort ontwikkelingsgeskiedenis en in Nedl. en in Eng. agter die rug gehad om veel van die gemeenskaplike Frans af te wyk. By die skepping van nuwe basterwoorde uit Eng. het die analogiewerking dus in die reël tot "korrekte" Afr. aanleiding gegee—Afr. waarin (behalwe miskien in die uitspr.) Eng. invloed nie merkbaar is nie. In sommige gevalle is egter deur die analogie "foute" begaan; hoewel slegs by sulke foute Eng. invloed aangetoon kan word, is hulle maar net die simptome van 'n wyd-verspreide maar gewoonlik onsigbare siekte.

NUWE INVLOED.

Afgesien van die geboorte van nuwe basterwoorde in Afr. onder die bevruggende invloed van Eng., het die Eng. invloed ook minder skerp-omlynde uitwerkings gehad. Soms was die woord al 'n rukkie in Afr. oorlede, en het die Eng. hom laat herlewe; soms was die woord aan sterwe, en het die Eng. hom gered; soms was die woord 'n pieperige ou seuntjie waarvan baie min mense notisie geneem het, terwyl sy boetie in Eng. so hoog geskat is dat ook hy 'n man van betekenis geword het. Hierdie vraagstuk is egter baie moeilik en alleen van historiese belang.

Ooreenkomste en verskille kan bestaan in

- I-III. *Geboorte*: die taaleenheid bestaan in Afr. en Eng. maar nie in Nedl. nie ;
 IV. *Denkwyse*: die betekenis } van die Afr. taaleenheid
 V. *Spraak*: die uitspraak } is Eng. en nie Nedl. nie:
 VI. *Handelwyse*: die verbuiging } Nedl. ≠ Eng. = Afr.

METODE VAN ONDERSOEK: Criteria.

I. (a) Bestaan die Taaleenheid in *Nederlands*? (b) Hoe lank al? (c) Is dit in die verlede dikwels gebruik? (d) Word dit vandag dikwels gebruik?

II. (a) Bestaan dit in *Afrikaans*? (b) Hoe lank al? (c) Is dit voor 1806 dikwels gebruik? (d) Word dit sedert 1806 dikwels gebruik?

III. (a) Bestaan dit in *Engels*? (b) Hoe lank al? (c) Word dit sedert 1806 dikwels gebruik?

IV. *Betekenis* van die taaleenheid: Nedl. of Eng.?

V. *Klanke* van die taaleenheid: Nedl. of Eng.?

VI. *Vorm* van die taaleenheid: Nedl. of Eng.?

I. WAT SÊ NEDERLANDS?

By I en II is die bronne onbevredigend. Wat in tydskrifte en boeke aangetref word hang van toevallige faktore af; en g'n woordeboek kan ooit volledig wees nie, veral in Nedl., waar 'n Fr. woord skynbaar *ipso facto* Nedl. is en waar so gereeld hele basterfamilies aangetref word dat die woordeboekmaker dit miskien onnodig beskou om elke lid aan te gee. Soms brei so 'n familie miskien analogies uit; bv. *reciteeren* + *recitatief* → *recitatie*. Miskien om dgl. redes verskyn *adekwaat* bv. slegs in Koenen. Weiland se Woordeboek (5 dele, 1790-1810), wat die taalstand omstreeks 1806 in Nedl. weerkaats, is nog onvollediger omdat hy so min moontlik vreemde woorde opgeneem het. De Grave is ook nie volledig of absoluut betroubaar nie.¹ Trouens, die Nederlanders, wat vandag nie op stoflike gebied deur Frankryk of Engeland bedreig word nie, bekommer hulle bra min oor Fr. of Eng. taalinvloed (v. bls. 213) en het

¹ Bv. *natie* word gladnie aangegee nie; *grotesk* word trots de Grave nie net predik. gebruik nie.

hierdie sy van die purisme skaars ondersoek (stel hierteenoor Vlaandere).

I, II, III -(b). Het die taaleenheid voor ongeveer 1600 in Nedl. bestaan, dan is dit moontlik dat dit ook in Afr. bestaan het; hoe langer na dié tyd dit in Nedl. gekom het, hoe onwaarskynliker dat dit in Afr. gelewe het: hoe langer 'n woord in 'n taal bestaan, hoe dieper dring hy gewoonlik tot alle lae van die volk deur. De Grave, die Groot Nedl. Woordeboek, Murray se "New Eng. Dictionary", en verskeie ensiklopedies was hier nuttig.

I, II -(c). Hoe meer die taaleenheid in Nedl. gebruik is, veral deur die volksklasse, hoe waarskynliker dat dit ook in Afr. gelewe het. Van (b), (c) en (d) hang dit grootliks af of die eenheid deur die inheemse klankwette beïnvloed is; dit is egter 'n onsekere maatstaf (v. bls. 32). As skeidingsdatum tussen Nedl. en Afr., stel ons 1600 voor: basterwoorde wat voor 1600 in Nedl. ontleen is, het waarskynlik ook in Afr. bestaan; dié wat na 1600 in Nedl. verskyn, het heelmoontlik, deur hulle soos eersgenoemdes voor te doen, uit Eng. in Afr. gekom. Dis trouens opmerklik dat die oorgrote meerderheid basterwoorde wat blyke van Eng. invloed gee, na 1600 in Nedl. gekom jet. Na omtrent 1600 het in Nedl. op alle lewensgebiede 'n geweldige ontwikkeling plaasgevind wat egter aan die Kaap, gestig net voordat Jan Compagnie begin agteruitgaan, byna heeltemal afwesig was. Rangskik ons die basterwoorde volgens die tydperk waarin hulle in Nedl. verskyn, word hierdie vermoede versterk (v. bls. 123).

Wat de Grave omtrent die onbetroubaarheid van sy datumsbepaling sê, is van toepassing in alle gevalle waar die een taal deur die ander beïnvloed is (33):

"Het enige middel dat ons ten dienste staat, is na te gaan wanneer het (woord) voor het eerst in een geschreven tekst voorkomt, doch dat is slechts een datum *ante quem*, en wie weet hoeveel vroeger het reeds in de spreektaal is overgenomen? Een datum *post quem* is zo goed als nooit aan te geven."

En selfs as datum *ante quem* kan mens dit nie sonder meer aanneem nie. Van die vroegste tye af het Nedl. skrywers Fr. werke vertaal, en sodoende meer Fr. woorde gebruik as wat hulle onder gewone omstandighede selfs in die skrif sou

gebruik het ; wie geskrywe het, was byna altyd 'n geleerde, wat Fr. geken en in die bespreking veral van geleerde of Frans-gekleurde sake Fr. woorde sou gebruik het wat nie alleen in die gewone taal ontbreek het nie, maar wat vir die gewone man selfs soms onverstaanbaar sou gewees het. Kortom : die feit dat 'n Fr. woord een- of tweekeer in skriftelike oorkondes aangetref word, bewys nog nie dat (a) die volk dit gebruik het nie, of (b) selfs die skrywer dit gewoonlik gebruik het nie. Dit sal wel dikwels gebeur het dat 'n woord wat deur 'n geleerde in die eerste tydperk gebruik is, eintlik eers in die vierde en weens heeltemal ander aanleidende oorsake as 'n volkswoord ontleen is ; so bv. *idee* in Afr. So het Trigardt die volgende woorde¹ sekerlik nie in die spreektaal gebruik nie : “*Contrarie* den regel van drieën, omdat men in die regel de voorste met de middelste *multipliseert* en met de æchterste *divideert*.” (Dagboek 2. Hy en sy vrou het Eng. geken 156, 262, 344, 353.)

II. WAT SÊ AFRIKAANS?

Afgesien van hierdie moeilikhede van die Nedl. taalvorser, kom die Afr. taalstudent voor die omstandigheid te staan dat selfs die skriftelike oorkondes ontbreek : wie geskrywe het, het Nedl. probeer skrywe. Die lonendste soort materiaal in hierdie verband sou briewe veral van die eerste kwart van die 19e eeu wees, veral die minder formeles tussen familieledede ; en die skryftaal van minder ontwikkeldes wat noodgedwonge moes skrywe (bv. testamente e.a. dokumente in Staatsargiewe). Die nuusblaaie sal wel af en toe ook 'n brief, 'n sinspeling of 'n bespreking bevat. Streng wetenskaplik, moet elke taaleenheid en dus elke vertakking van die lewe in S.-Afrika afsonderlik ondersoek word om die volgende vrae min of meer bevredigend te kan beantwoord : Is die taaleenheid inheems of ingevoer ? Waar ? Wanneer ? Deur wie ? In watter sosiale milieu ? So 'n ondersoek sou egter die kennis van 'n deskundige vir elke eenheid vereis, en sou alleen historiese waarde hê.

¹ Blykbaar as oefening in die skoonskrif uit 'n ander boek in die Clatboek oorgeskrywe (ong. 1830).

As ons de Grave se lyste nagaan, vind ons buitendien dat die antwoorde wat die toetsstene op blss. 29-32 op hierdie vrae gee, taamlik suiwer met sy indeling klop: Hoe minder nuwerwets vir ons gevoel 'n taaleenheid en die begrip wat hy aandui in Afr. is, hoe langer bestaan hy in die reël in Nedl.; en andersom: die oorgrote meerderheid wat ná 1600 in Nedl. gekom het, is in Afr. in-die-oog-lopend nuwerwets—19e- of 20e-eeus. As voorbeeld word die volgende lys voor die voet uit de Grave gehaal en volgens die tydperke ingedeel; wat nie in Afr. bestaan nie, is uitgelaat. Dis duidelik dat (vgl. bls. 117)

(1)-(3): Voor 1600: byna almal eg-Afr. is;

(4): Na 1600: byna almal nie eg-Afr. is nie.

Uitsonderings hierop word met 'n * aangedui.

(1) Almal (2) Almal (3) Almal (4) Net die eerste paar in
—Almal word aangegee— elke onderafdeling.

WETENSKAP (De Grave bls. 38).

| | | | |
|-------------|-----------|---------------|--|
| astronomie* | bobbejaan | alchemie | analise, brosjure*, ensiklopedie, fundamenteel, |
| atmosfeer* | dolfyn | alchimis | fragmentaries, grafies, hipotese . . . |
| buffel | dubbel | almanak | abstraheer, alternatief, determinisme . . . |
| dromedaris* | idee* | baai (snw.) | eksegeese*, etiek*, hermeneutiek* . . . (Kweekskoolwoorde—dus vermoedelik Nedl.) |
| filosoof/ie | kaart | klimaat | |
| ivoor | kameleon* | kollasioneer* | aksentueer, alfabeties, amfibologie, anakronisme, |
| kalender | kroniek | reël* | barbaar*, barrikade, Bulgarye, feniks* (uit Nedl. poësie), guillotine . . . |
| kameel | kwart | stileer* | |
| klerk | legende | struis | ekonomie, mortaliteit, statistieke . . . |
| kwartier | operment | syfer (snw.) | genealogie, heraldiek . . . |
| legioen | paragraaf | vitriool | alluviaal, antipode, antropologie . . . |
| letter | perkament | | algebraïes, differensiaal, eksponent . . . |
| luiperd | residu* | | akkumulator, akoestiek, silindries . . . |

| | | |
|------------|---------|---|
| magneet | rubriek | asetileen, albumien, alkohol, anilien . . . |
| Moor | spelonk | astrologie, barometer, fase, fenomeen . . . |
| potentaat* | | akklimatiseer, aquarium, amfibie . . . |
| punt | | insek . . . |
| Romein | | jakkals*, marmot, termiet. |
| sillabe | | |
| som | | |
| sulfer | | |
| tempelier* | | |
| teologie | | |
| venyn | | |

AMPTENARE (De Grave bls. 62).

| | | | |
|---------|------------------|----------------|--|
| klerk | debat*(1) | debatteer*(1) | adjunk, anciënniteit, otoriteit, emolumente |
| kopie | informasie | inspekteur*(2) | grafifikasie . . . |
| salaris | | | |
| seël | kantoor | jubilee* | administrateur, adviseur*, antidateer, assosiasie . . . |
| statuut | kopieer | kopiis | |
| | passkeer | mandaat*(3) | ballotage, delegasie, diskussie*, installasie . . . |
| | pensioen | sollisiteer | |
| | rapport | superintendent | (1) On-Afr. weens bet. en gebruiksfier. |
| | register | verifiseer | (2) In die gewone bet. (inspekteur van skole) is dit die gevolg van 'n Eng. spesialisering en dus in Afr. 'n angl. (onderwys). |
| | tabel | | |
| | vice | | (3) Na 1918 in Afr. via Eng. (spesialisering). |
| | Ensovoorts . . . | | |

KLERE (De Grave bls. 79).

| | | | |
|----------|--|---------|---|
| fraiging | | garneer | chic, decent, dekolleteer, elegant, ens. ens. |
| plooi | | mode | (Eg-Afr. is hier slegs *tierlantyn). |
| | | model | |

Hoewel die skeidingsdatum 1600 vir Afr. baie nuttig is, kan dit natuurlik nie beslissend wees nie; die volgende taaleenhede in Nedl. vroeër as 1600 is bv. in Afr. heelwaarskynlik onder Eng. invloed ontstaan, en dié na 1600 klaar-

blyklik eg-Afr.: *Voor* 1600: (1) blond, serge; (2) blanch-manger, gelei (v. *jelly*, Dl. II); (3) gelatine, kompakt, takt; *Na* 1600: (4) ekskuus, populier, appelkoos, koevert, kapot, dessert, cognac (Hugenate-invloed versterkend vir die Nedl. woord), luim, plesier, kotiljon-wals-polonaise (Franse besetting 1780—Kaapstad die “Klein Parys”), sop, stroop, korinte, beskuit, spons, tante, met kleure en fleure (Afr. geure).

III. WAT SÊ ENGELS?

Om ons vermoede te ontsenu of te versterk, moet verder ondersoek word of die bepaalde taaleenheid in Eng. bestaan, of bestaan het (bls. 28). Daar moet nadruk op gelê word dat een kragtige taaleenheid meer invloed uitoefen as baie swakkes. Die veranderings in lewensopvatting en -omstandighede tengevolge van die Eng. invloed in S.-Afrika het sekere begrippe en hul aanduidings in die taal op die voorgrond gestel, m.a.w. sekere taaleenhede besondere krag verleen bv. *persoonlikheid*, 'n *Nasionale Regering* (1933), *nie-intervensie* (1936). Dit kan dan gebeur dat dgl. kragtige Eng.-Afr. taaleenhede invloed op skynbaar suiwer Afr. taaleenhede uitoefen; m.a.w. 'n taaleenheid kan suiwer-Nedl. wees wat sy geboorte maar Eng. wat sy handelwyse (uitspraak ens.) betref. *Proponent* kan bv. deur g'n ooreenstemmende Eng. taaleenheid beïnvloed wees nie, maar word tog skynbaar Eng. uitgespreek: *propponent*. Dit is miskien te wyte aan die klemtoon; miskien aan die invloed van *opponent* en *koppnent*; miskien aan die veelgebruikte Eng. woorde met *prop* (bv. *proppaganda*, *proppers*, *propperty*) t.o. die minder gebruiklikes met *prou* (bv. *propaedeutic*, *propel*, *propensity*). So ook *promoveer* (*prommofeer*) en *prosedeer* (*prossiddeer*).

I, II, III: WAT SÊ ONS TAALGEVOEL?

Afgesien van die klankkundige oorwegings, laat ons taalgevoel vir ons *proponent* as 'n suiwer-Afr. woord beskou. En dit is die saak waar dit werklik op aan kom: nie of die taaleenheid in Nedl. bestaan of nie, maar hoe elke afsonderlike taalgebruiker die woord *voel*. Die eerste keer as ons watter taaleenheid ook al teëkom, is hy vreemd genoeg om ons aandag te trek; maar indien hy as 'n onberisplike Fr.

Nederlander verklee is, word geen vermoedens dat hy Eng. is, opgewek nie, en raak ons nogal met hom bevriend as ons hom dikwels teëkom. Maar as daar i.p.v. een of twee somar regimente verfranste Nederlanders op die toneel verskyn, dan kyk die Afrikaner vreëmd op; en byna al ons Afr. geskryfte wemel van sulke uitlanders: "As bostaarde woorde Afr. is," kla 'n leser in Van Alle Kante (2.2.33) "dan is die Afr. taal—my taal—vir my baie swaar, en ek gee moed op om die skryftaal te leer." Almal aan wie die toetslyste voorgelê is, van tiksters tot Afr. professore, het eweneens onmiddellik gesê: "Dis nie Afr. nie, dis Eng.," hoewel die betrokke woorde in byna alle gevalle suiwer Nedl. is. Kortom: As die uitlanders versamel word, weier die Afrikaner om te glo dat hulle in S.-Afrika bestaan; maar as hulle hier en daar tussën die Afrikaners saamloop, word hulle selde opgemerk. M.a.w. ons onderskeidingsvermoë tussen Afrikaners en uitlanders is vinnig op weg om afgestomp te word, en dit byna uitsluitlik weens ons gedurige samesyn met Engelse.

Trouens, ofskoon 'n paar Afrikaners in Nederland gewoon en 'n bepaalde taaleenheid daar aangeleer het, gebruik die meeste Afrikaners die taaleenheid vir die eerste keer sonder om dit ooit tevore in Afr. of Nedl. te gehoor of gelees het. Sels al het hulle dit tevore in Nedl.-gekleurde Afr. of in Nedl. gehoor of gelees, dan was dit verstaanbaar en lewensvatbaar deur hul kennis nie van Nedl. nie maar van Eng. Ja, moet 'n Afr. geleerde uit 'n lys basterwoorde dié soek wat nie in Nedl. bestaan nie, is hy hopeloos in die war. Wanneer hulle 'n dgl. woord gebruik, voel die meeste Afrikaners dus dat dit in hulle individuele geval 'n gevolg van Eng. invloed is. Dit gebeur veral by basterwoorde omdat hulle so maklik verafrikaans kan word, maar ook by ander taaleenhede. 'n Paar voorbeelde van sulke basterwoorde: *die boek in kwessie* by die meeste mense; *valsiteit* (adv. Tielman Roos); *adekwaat* in die taal van prof. D. B. Bosman (dit bestaan in Nedl., maar hy ken dit nie uit Nedl. nie en erken self dat dit 'n "Lehnübersetzung" is); *inwitasie* en *die kinders respondeer swak* in die taal van mnr. H. du T. (hy erken dit); ens. Voorbeelde van ander taaleenhede: *dit leen hom tot, halfbloed*, ens.

Die grondvraagstuk is : Is dit sielkundig 'n angl. in die geval van die bepaalde spreker, skrywer, hoorder of leser ? Uit die aard van die saak kan dit alleen deur die individu self vasgestel word. Die verdere moontlikheid bestaan dat 'n persoon in wie se taal die eenheid 'n sielkundige angl. is, dit in so 'n verband kan gebruik dat die betekenis daarvan vir iemand wat die eenheid nie in Eng. ken nie, duidelik is, en dat dié persoon dit ook gaan gebruik. 'n Ou oom wat min Eng. ken, lees bv. in die koerant, van die "Gedeeltelike Appropriasie-Wetsontwerp," en vra sy opgevoede, d.w.s. Eng.-kundige seun om dit uit te lê. Vir so 'n tweede persoon soos die oom is dit dat geen angl. nie ; vir die eerste persoon, die Eng.-kundige, wel. Hierdie moontlikheid is die grondslag vir ons hoop op 'n suiwer Afr. in die toekoms : almeer Afrikaners hoor die nuwe taaleenhede heel eers in Afr. (bv. op skool), *voel* hulle dus as Afr., en gebruik hulle sonder die bygedagte aan Eng. oorheersing, wat sowel vir taal- as vir volksgevoel skadelik is. Die uitbreiding van Engelshede sonder dat die sprekers, skrywers, hoorders of lesers dit besef en vermy, is egter 'n nie minder sterk moontlikheid nie. Daarom moet die persoon wat Afr. gebruik, bewus wees van dgl. Engelshede en hulle bewus vermy sodat die volgende geslag hulle nie eens hoor nie. 'n Tipiese voorbeeld is die *Kom ons gaan (vir 'n) walk* uit die Stellenbosch van 1890, nou op bewuste maar onkundige wyse verander in : *Kom ons gaan (vir 'n) wandel(ing)* ; as kragtige uiting van nasionale self-vertroue kan laasgenoemde heel maklik 'n vasgewortelde, onbewuste taalgewoonte word.

IV : WAT SÊ DIE BETEKENIS ?

Dat die betekenis van 'n Afr. taaleenheid Eng. is as die Eng. nie met die Nedl. ooreenstem nie, kan daaraan te wyte wees òf (1) dat die Afr. taaleenheid sy ontstaan aan Eng. te danke het, òf (2) dat die Afr. taaleenheid slegs deur die Eng. betekenis beïnvloed is, òf (3) dat die Afr. en die Eng. onafhanklike betekenis-ontwikkelings deurgemaak het wat hulle onafhanklik tot dieselfde eindpunt gevoer het. Hierdie derde moontlikheid berus wel nie op die blote toeval nie, want dieselfde algemeen-menslike neigings kon hulle in

altwee tale laat geld het ; maar dis tog baie onaanneemlik, aangesien die meeste basterwoorde in Afr. begrippe aandui wat so nuut is dat hulle nog nie die geleentheid gehad het om van die Nedl. af te wyk nie. Weens die nuutheid van die woorde, is die Nedl. hier gewoonlik deur my as die toetssteen aanvaar. Om dieselfde rede is dialektiese en veral S.-Nedl. (d.w.s. meer Franse) invloed baie onwaarskynlik. Om te kan besluit, moet al die ander gegewens ook in aanmerking geneem word.—So het *trein* voor 1806 in Afr. bestaan = kommando, gevolg, kolonne manskappe met hul geskut (v. bls. 119). Deur die reeks kafferoorloë is dit heelwaarskynlik tenspyte van kwynende gesondheid aan die lewe gehou. Toe die Eng. *train* in 1859 gekom het, het die Afr. *trein* weens die ooreenkoms in betekenis miskien hierby aangesluit en met gewysigde betekenis 'n verjongingskuur ondergaan. In dié geval sou Afr. *trein* nie uit Eng. ontleen wees nie maar slegs deur Eng. beïnvloed wees. Daarenteen sou die militêre terminologie na 1806 Eng. wees, sodat Afr. *trein* (militêr) waarskynlik vergeet geraak het (al word Eng. *train* soms ook met die militêre betekenis gebruik) ; buitendien het die mense (Boland en Durban) wat die naaste aan die spoorweg gewoon en dus die meeste behoefte gevoel het om van die trein te praat, nooit nodig gehad om van die militêre *trein* te praat nie en dit dus seker nie geken nie. In dié geval het Afr. *trein* nie meer gelewe nie, en is die hedendaagse *trein* in Afr. uit Eng. ontleen. 'n Ander voorbeeld is *konstabel*, wat in uitspr. en klemtoon suiwer Afr. is, maar in betekenis van Nedl. verskil en met Eng. ooreenstem :— Mnl. *con(e)stāvel*, *cōnincstāvel*, aanvoerder, hoofman ; Nnl. *konstabel* (onder Duitse invloed), onderoffisier (vloot) ; Eng. *constable*, diener, polisieagent. Dis moontlik dat die woord, mettertyd waarskynlik gewysig in betekenis, nog in Afr. bestaan het toe *constables* ingevoer is (1812±), en dat die Afr. woord toe weens die ooreenkoms in betekenis gebruik is om hierdie nuwe soort "soldaat" aan te dui. Dis des te aanneemliker omdat die woord suiwer Afr. voel en suiwer Afr. uitgespreek word (klemtoon, nasalering van die *-on-* en oorgang van die *b* tot *w*—*stavel* soos Mnl. *-stavel*, maar ook soos Afr. *skowwe*, *troewel*, *tarwerd*).

Soms word 'n bepaalde taaleenheid, bv. *kans*, miskien net 'n bietjie meer as in Nedl. gebruik; soms word dit byna uitsluitlik met een betekenis gebruik, wat byna altyd Eng. is, terwyl die ander Nedl. betekenis onbekend is, bv. *etiket* (Lys No. 1); gewoonlik is die Nedl. taaleenhede wat met Eng. ooreenstem, vir die Afrikaner verstaanbaar, en dié wat nie in Eng. bestaan nie, onverstaanbaar (Lys No. 2). Hier word net die aanvang van Lyste 1-4 gegee; met die volledige lyste is verteenwoordigende Afr.-sprekendes getoets.

LYS NO. 1. Nedl. ≠ Eng. = Afr.; Nedl. onbekend.

Sê asb. op Afrikaans wat die volgende woorde beteken. Anders kan u hulle in duidelike sinne gebruik:

| | | | |
|------------------|--------------|-------------|----------------|
| alterasie | applikasie | appliseer | assumeer |
| blameer | braaf | brutaal | (ens.) |
| debatteerkollege | determinasie | determineer | gedetermineerd |
| diligence | diligent | diskresie | diskpache |
| distraksie | (ens.) | | |

**LYS NO. 2. Nedl. ≠ Eng.; dus onbekend
Nedl. = Eng.; dus bekend.**

Sê asb. op Afrikaans wat die volgende Afrikaanse woorde beteken. Anders kan u hulle in duidelike sinne gebruik:

| | | | |
|------------|------------|----------|-----------------------|
| biljart | biljet | biplaan | bivak |
| bizar | bleu | cachet | cachot |
| cadaver | cadeau | cadet | cafe |
| calamiteus | calculasie | calqueer | camaraderie (ens.) |

Hierdie lyste het bewys dat

(a) Nedl. = Eng. = Afr. (bls. 111);

(b) Nedl. ≠ Eng., Eng. = Afr.;

moontlike uitsonderings is langgevestigde, veelgebruikte woorde soos *bra(af)*, *durawel*, *ordinêr*; of geleerde woorde soos *bananaal*, *plastiek*; maar selfs in gevalle soos *braaf* is die Eng. betekenis dikwels gegee. Sowel by (a) as by (b) stem Eng. en Afr. ooreen.

**LYS NO. 3. Eng. ≠ Nedl.; dus Nedl. onbekend,
maar Eng. bekend.**

(a) Verklaar asb. die volgende Engelse woorde.

(b) Gee asb. hul Afrikaanse vorme aan.

anatomist, anthropologist, antiquity, archaeologist, archivist, arsenic, bromine, chemist (*nie apteker nie*), chicory, chromium, cocoa, cola, ditto, to extract, iodine, iodoform, isolation, quinine, sex (ens.)

Hierdie toetslys het vasgestel dat, waar die Nedl. aanmerklik van die Eng. verskil, die Afrikaner byna altyd die Eng. ken maar die Nedl. gladnie of maar floutjies ken. Vandaar die gebruik deur bewus-Afr. sprekers van tussendinge soos *anatomïste, arsenïek, bromïen*, ens.

LYS NO. 4. Bestaan in Afr. en Eng., nie in Nedl.

In die volgende lyste Afrikaanse woorde kom daar anglisismes voor. As u weet wat al die woorde beteken, lees hulle hardop en vinnig deur. Hou stil by dié wat u as anglisismes beskou.

| | | | |
|------------|---------------|----------------|-------------------|
| ablusie | adorasie | bacchanalies | revaluasie |
| abominabel | adverbiaal | bacterie | revelasie |
| absolusie | affiliasie | badinage | reverensie |
| abstrak | affiniteit | bagatelle | reviseer |
| abusief | aforisme | baluster | revokasie |
| acetyleen | agglomerasie | balustrade | revolusie |
| adekwaat | agglutinasie | baptis | revulsie |
| adenoïede | aggregasie | barcarolle | rhinoceros |
| adieu | agio | baret | ridicule |
| adjutant | acacia (ens.) | bariton (ens.) | rigiditeit (ens.) |

Hierdie lys het aangetoon dat die gewone Afrikaner nie tussen egte en onegte basters (angll.) kan onderskei nie ; dat hy dikwels Nedl. woorde vir angll. aansien en angll. vir Nedl. ; en dat ook sy uitspr. baie anglisisties is (v. bls. 139)

Die lyste is voorafgegaan van die volgende :

1. Praat of lees u Nederlands ?
2. Hoeveel Nederlands het u op skool (universiteit) geleer ?
3. Ken u Latyn ? Frans ? Duits ? Italiaans ? Spaans ?
4. Watter kennis het u van Engels ?
5. Lees hardop en vertaal asseblief hierdie stukkie Latyn as u Latyn ken :

C. JULI CAESARIS

De bello Gallico Liber VII

Quieta Gallia Caesar, ut constituerat, in Italiam ad conventus agendos proficiscitur. Ibi cognoscit de P. Clodii caede, de senatusque consulto certior factus, ut omnes juniores Italiae conjurarent, dilectum tota provincia habere instituit.

SAMEVATTENDE OPMERKINGS.

Sodra 'n woord met die Afrikaner se opvatting van Frans, Italiaans of Latyn ooreenkom, word hy sonder erg in Afr. gebruik—dis mos internasionaal en geen Eng. nie! Vandaar onegte basterwoorde soos *bonus, japonica, chiffon, emerald, portmanteau, pro rata, bravado*, ens. Voordat hy so 'n woord *skrywe*, raadpleeg hy soms 'n Nedl. woordeboek om te sien of die woord bestaan (miskien sonder om die betekenis noukeurig na te gaan); die skryftaal is dus betreklik suiwer, want al is die eerste taaleenheid wat die skrywer te binne skiet 'n onegte, kan mens dit nie altyd merk nie. As die opgevoede en taalbewuste Afrikaner praat, geld dieselfde suiwerende invloed, maar in minder mate: dikwels neem hy aan, omdat die begrip en die woord (sonder dat hy dit weet *weens sy kennis van Eng.*) aan hom so oorbekend is, dat die woord, met sy *-eer* of *-asie* agteraan sy stert, pragtige Afr. is. In die meeste gevalle tref dit dat die uitslag met die Nedl. ooreenstem; maar dat die skrywer of spreker die woord ooit self teëgekome het is uiters onwaarskynlik—baie van die aldusgebruikte woorde kom slegs in die allerbeste of tegniese Nedl. woordeboeke voor (vgl. Dl. II: *emfaties*). Hier het ons dus 'n voorbeeld van die magtige bevruggende invloed wat die Eng. kultuur en taal op ons uitgeoefen het. Uit die spreektaal, wat die natuurlikste en getrouste weerkaatsing van die sielkundige proses gee, is minder voorbeelde opgeneem, deels omdat die veld te geweldig uitgebreid is, en deels omdat die egtheid daarvan betwyfel kon word.

Party van die woorde stam uit die aard van die saak uit Eng., bv. *Anglikaans, Amerikanisasie, Methodis*; of hulle direk uit Eng. in Afr. gekom het, moet in elke bepaalde geval afsonderlik beslis word. Ander woorde is eweneens onvermydelike *-ismes*, omdat die behoeftes wat deur die Eng. woorde aangedui word, in Nederland nie bestaan nie, of omdat in Nedl. die behoefte effens anders gevoel word; bv. Eng.-Afr. *graduasia* naas Nedl. *promosie* (laasgenoemde slegs ontvangs van doktorsgraad), *lokasie, lisensiehof, hostel, eksterne student, erosie, repatriasie*. Dit is te wyte aan die grotendeels onveranderde oorname van Eng. stelsels deur

S.-Afrika. Hieraan verwant is die waardering wat die Afrikaner soms kry vir bepaalde betekenisskakerings van die Eng. woord, skakerings wat in Nedl. ontbreek of slegs deur omskrywing aangedui kan word; so is *verpersoonliking* as vertaling van *impersonation* vrywel nutteloos, terwyl *edification*, *the student's quarters*, *apology*, *chauffeur*, *denomination* (kerklik), *racialism*, ens. ewemin deur Nedl. woorde vertaal kan word: op sy beste is die vertaling 'n benadering van die werklike betekenis. Die woord moet dus in 'n Afr. pak gesteeek word. Soms is die uitslag afwisselend, omdat een Eng. uitgang met twee of meer Nedl. ooreenstem en die Afrikaner nie presies weet watter een in dié bepaalde geval in Nedl. gebruiklik is nie; bv. *departementeel* × *-aal*, *oasis*, *doos* (i.p.v. *dosis*), ens. Soms is die Afrikaner selfs so bewus van die feit dat hy sy begrip en sy woord uit Eng. het, dat hy hiper-Nedl.-Frans is; bv. *hiepokréet*, *peddistaal*, *professeeur*, *lektor*, *sentimént*. Sulke gevalle versterk die vermoede dat nie net die paar toevallig-verkeerde woorde nie, maar ook honderde waar die analogie die regte vorms tot stand laat kom het, onder Eng. invloed staan:

Eng. metAL : Afr. metAAL :: Eng. pedestAL : Afr. pedestAAL
 of :: Eng. abnormAL : Afr. abnormAAL

Somtyds het die Afr. weer net een vorm of een betekenis—die Eng.—terwyl die Nedl. twee vorms of twee betekenisse besit, bv. (vorm) Eng.-Afr. *militarisme* × Nedl. *militarisme*, *-airisme*; Eng.-Afr. *konsultasie* × Nedl. *consult*, *-atie*; Eng.-Afr. *entoesiasties* × Nedl. *enthusiast*, *-isch*; (betekenis) *gala*, *fantom*, *filiaal*, *antesedent*, *delikaat*, ens. In ander gevalle wyk die Afr. soms weer van die gewone Nedl. vorm of betekenis af, maar stem met 'n minder gewone Nedl. of met 'n ouer vorm of betekenis ooreen, bv. *braaf*, *kommosie*, *komposeer*, *ordinare*, *tressorier*. As so 'n vorm of betekenis ook in Afr. nie die gewone is nie, is afstamming van die afwykende Nedl. onwaarskynlik; is hy egter in Afr. die gewone en lyk hy weens gebruiksfeer eg-Afr., dan is hy waarskynlik van Eng. smette vry, bv. *prisonier*. Hoe dit ook sy, dialektiese of ouer Nedl. parallele moet altyd met die grootste versigtigheid van alle kante betrag word voordat 'n gevolgtrekking bereik kan word.

Wat die vorm van die basterwoorde in Afr. betref, kan niks samevattends gesê word behalwe wat reeds onder die hoof "Uitgange" gesê is nie. Hier noem ons net verskeie woorde wat verkeerdelik van die verlede deelwoord in plaas van die teenswoordige afgelei is: digesteer, suggesteer, komposeer, diskusseer, reviseer, konstrukteer, kontributant, spekulateur, saluteer. 'n Ander fout is begaan by *modifiseer*, *rektifiseer*, *sertifiseer*, ens. Maar die Nedl. uitgange wissel so sonder enige rede af (bv. *-iseer* × *-ieer* × *-eer*), dat verdere opmerkings net tot lyste onsamehangende voorbeelde sal lei. By die woorde wat in een of ander opsig ooreenkoms vertoon, word in die lys verwysings gegee.

Hierdie voorstelling en die lys in Deel II lyk miskien oordrewe. Dié indruk is daaraan te wyte dat (v. bls. 126) die eenhede hier tot 'n geweldige kafhoop opgestawel word. In die werklikheid dui die lys nog geensins die uitgebreidheid van die Eng. siekte (alias Franse mode) aan nie: hoewel hy beperk is tot die taal (en meestal skryftaal) van *ontwikkelde Afr.-sprekende Afrikaners*, sal hy nog gedurig uitgebrei moet word. In 'n paar stukke uit 'n reeks geleerde artikels oor Afr. *skrywe* een van ons drie grootste taalprofessore bv. van 'n *geestelike gebalanseerdheid, massaproduksie, standaardisering* (DH 4.9.31), vertel ons *nie hy nie, maar sy werk is die supreme realiteit* (DH 16.10.31), en *elke openbaringsvorm . . . moet op eie meriete behandel . . . word* (DH 18.12.31). As dit aan die grasgroen hout geskied, en wel in die skryftaal, wat sal met die dorre in die spreektaal gebeur!—Uit vandag se "Burger" (25.2.33), wat ek net vlugtig kon deurblaai, sien ons wat met een van ons drie grootste volksleiers in die weldeurdagte spreektaal gebeur: hy praat van 'n *skeuring (wat miskien op ons geforseer mag word, 'n voldonge feit (wat) op ons geforseer word, die wil van enkele leiers op die volk forseer, effektiewe seggenskap, 'n reörientasie, gekontempleerde wetgewing, selfstandigheid in harmonie met ons soewereine onafhanklike status, dislojaliteit; en verder 'n brandende kwessie, genl. X se kontensieuse voorstelle, ens. En op die onlangse Kultuurkongres, Kaapstad (1932), het die voorsitter o.a. van soopir-Afrikaans, biljarts, kapietjoelasie, bie-ooskoop, telfoon gepraat; die vernaamste spreker, een van ons jonger digters, o.a. van gekultureer, die Parisiane, méllodie, Händel*

se Messiah; op die Kaapstadse Kultuuraand (10.6.32) het die voorsitter van die Skiereilandse Skakelkomitee van Afr. Verenigings, o.a. van *kommittée, djoe-ét, poziesies, ientillek-tjoelieteit* gepraat; daarna het die vernaamste spreker dit gehad oor *iendiewiedjoelisme, kommeete, mottous, koutirries, deemorrallasie, deepossietous, telliffoniste, promminnensie, mense wat doeóse (dwase) van hulselwe mók*, en vertel dat, hoewel hy *wil toelót vir die feit dat mens in kontak kom met baie Eng.*, daar tog *stappe geneem was* om die slegte gewoonte uit te wortel—alles 'n *iessensjie-eel van kultuur . . .*

Die sterkste bewys van die Eng. invloed word deur die Klanke van die basterwoorde gelewer. Dit blyk des te opvallender as ons eers nagaan hoe min invloed by die Germaanse woorde te bespeur is.

V. WAT SÊ DIE KLANKE?

(a) VAN GERMAANSE WOORDE.

Dat die klankstelsel van een taal 'n ingrypende invloed op dié van 'n ander taal uitoefen, is 'n seldsame verskynsel. Trouens, hoe meer 'n "taaleenheid" gebesig word (*ceteris paribus*), hoe minder is hy vir vreemde invloede vatbaar, en hoe sterker invloed kan hy uitoefen (bls. 102). Aangesien die klanke van 'n taal gedurig gebruik en gehoor word, is die taalgewoontes waarop hul produksie gebaseer is outomaties, onbewus en so sterk dat hulle nie maklik beïnvloedbaar is nie, tensy daar reeds neigings in die rigting van die beïnvloedende faktor bestaan, bv. die neiging om *j* as *dj* uit te spreek. Verder moet daar 'n besonder noue aanraking tussen die sprekers van die twee tale bestaan, sodat die sprekers óf van die een óf van die ander taal hulle (a) *gewoonlik* (bv. slawe aan die Kaap) van die ander taal bedien, en (b) dit met feitlik *onberisplike witspraak* doen. Behalwe in 'n klein minderheid gevalle, bestaan dgl. toestande verasnog in S.-Afrika nie.

Bowendien is dit hier nog moeiliker as in die geval van ander taaleenhede (bv. woorde en uitdrukkings) om bepaalde historiese gegewens te kry. Twee eeue lank is Afr. nie geskrywe nie, en waar Afrikaners geskrywe het, was hul taal en skriftekens al dadelik uit die aard van die saak

konservatief (v. bls. 122). Dit is dus besonder moeilik om na te gaan of bepaalde klanke reeds voor die koms van die Engelse in bepaalde rigtings verander het of aan verander was. Af en toe kry ons om een of ander rede (gewoonlik onkunde omtrent die skryftaal) 'n aanduiding, bv. *chanbocks* in le Vaillant (II 226/1796) en *chambos* in Barrow (I 145/1801) wat aandui (a) dat die oorspr. vorm van *sambok* (*sjambok*) was, soos die hedendaagse Eng. *sjambok*, en (b) dat die (*sj*)-klank blykbaar nog bestaan het aangesien die uitlanders, le Vaillant en Barrow, dit opgeteken het, soos hulle dit van die koloniste gehoor het. Verder is die uitspr. van basterwoorde selfs vandag baie onvas, omdat (a) hulle in Afr. jonk is, (b) die graad van die Eng. invloed nie orals eenders is nie, en (c) dgl. basterwoorde dikwels skryftaalwoorde is wat by die een meer en by die ander minder in die spreektaal deurgedring het.¹ So kan mens hoor (*gazette*), *ghizzét*, *kissét*, *kasét*, *gasét*, of *staatskoerant*. Tog word sover moontlik vorms aangegee wat algemeen is, en wat, indien hulle foutief is, nie 'n oordrewe voorstelling van die Eng. invloed gee nie.

Miskien is die volgende klankveranderings òf geheel òf gedeeltelik aan Eng. invloed te wyte :

Klinkers.

ā word *āō* of *ōa* : *ōant prōat* (aan't praat), *wōrm* (warm) (Std.-Eng. *ā* word S.-Afr. Eng. *ō* : *barwsket*). Die uitspr. van Afr. kinders wat in Kaapstad gaan woon, word merkbaar aangetas, sodat ons dit nie aan Nedl. dialektiese invloed kan toeskryf nie.

ē word lang *ie* (soos in *vier*) : *sie* (see).
 Waarskynlik egter Mal.-Port. : die O. Provinsie verkeer onder sterker Eng. invloed as die Boland, maar *sē seē* (soos in *seer*). Dit geld ook van :

ō word lang *oe* (soos in *voer*) : *boem* (boom).
 Ook in Mnl. (van Helten : Vondel's Taal II).

ou word *aou* (seldsaam : *naou* (nou).

ei word *ēi* (seldsaam) : *sēi* (sy).

(Std.-Eng. *ou*, *ei* word S.-Afr. *iau*, *ai* : *kiow*, cow ; *gite*, gate.)

¹ Die onvastheid gee hoop op suiwering van die uitspr.